

**Woensdag 1 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-28**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:3, 11, 28**

**Geheel en al in die HERE van die Leërskaare se diens!**

**W**at is jou nuwejaarsvoorneme? In 1 Samuel lees ons van verskeie mense wat voornemens gehad het.

Elkana het hom voorgeneem om 'n nageslag te hê. Sy liefingsvrou se skoot is egter toegesluit. Hy maak, nes vader Abraham, 'n plan buite God se huweliksinstelling om (Gen. 2:24) en trou met 'n tweede vrou.

Die volk het in hoofstuk 8:5 hulle ook voorgeneem om 'n koning soos die heidennasies te hê. Daarmee het hulle die HERE hulle God verwerp wat hulle uit al hulle onheile en node verlos het (10:17-19).

Elkana se liefingsvrou, Hanna (bekoorlikheid, liefvalligheid), het haar ook voorgeneem om 'n nageslag te hê. Sy kry baie swaar, want die Here het haar skoot gesluit en sy word bitterlik geterg deur haar mededingster. Die plan wat Hanna maak om gestand te doen aan haar voorneme, is om na God te gaan. Sy maak 'n gelofte aan die *HERE van die Leërskaare* dat as Hy haar in hierdie voorneme sou seën, sal sy die seuntjie geheel en al aan Hom afstaan (1:11, 28).

Die benaming "*HERE van die Leërskaare*" in verse 3 en 11 kom hier vir die eerste keer in die Bybel voor. Waarom nou juis in 1 Samuel? Die boek Samuel handel oor Wie Koning in jou lewe is. Die Hebreeuse woord *seba'ot* word met "leërskaare" vertaal na aanleiding van Josua 5:14 waar 'n engel hom voorstel as die hoof van God se leër wat vir Josua sal beskerm. God se leër bestaan uit God se volk, maar ook uit alle skepsels – engele, bye, son, sterre, winde, weerligstrale – wat God in sý diens kan gebruik (vgl. Ps. 104, 105). Hy is mos "die Here die Almagtige" (1983-vertaling) – die Koning van die konings, Here van die here!

Wie is jónú Koning na Wie toe jy gaan met al jou voornemens vanjaar? Die konings van Israel/Juda in die boeke van Samuel, Konings en Kronieke het afwisselend na en weg van die HERE van die Leërskaare gegaan. Elkana was koning in sy eie oë, hoewel sy naam ironies "God het geskape" beteken. Hanna het egter na die HERE van die Leërskaare gegaan omdat sy Hom bely as die Almagtige wat oor alles regeer. Sy het haarself en haar seuntjie geheel en al in sý diens gestel.

*Sing: Psalm 46-1:4, 6*

*Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)*